# Songtekst: Onbeweeglik *(2019)*

*Part of the ONS PERSEKTIEF album*

***Performed by:*** *BrotherTill & Oxijin*
***Written by:*** *Mathijs van Til & Rumarcques Gelderbloem*

Die surgeon sê ek is siek hulle moet die tumor uithaal
Ek sê, 'hier's die lam, lei my na die slagpaal
Tree vir tree
Ek sien net opdraend, maar voetspore wys die weg deur

**Onbeweeglik!**

Kanker vertel 'n leuen: dat my liggaam is in twee gedeel
Hoe kan ek heel wees as die hand op die operasie tafel my lewe beheer?

**Onbeweeglik! Onbeweeglik! Onbeweeglik!**

Kanker raak angstig want my anker is in God se hart-bodem neergelê
Hoe kan ek spartel
As my afdag almagtig word omdat Hy… Hy dit in Sý Kamer spreek?

**Ons is onbeweeglik!**
**Ek is onbeweeglik!**
**Almal is onbeweeglik!**
**Onbeweeglik.**

Was jy al by die punt van opgee? Wa die blaai jou traan afvee?
Wa die pen… die pen net aanhoudend nog 'n sin gee?
Wa dissapointment in elke kamer van jou pen leef?
My lip weet wat die lig weet
asek windbreuk dan ly die bladsy skipbreuk
daar is min wat dit weet:
dat die kruisdood wys moord, maar genade is wat dit uitspreek.

**Onbeweeglik! Onbeweeglik!**

Ek is geroep om stil te staan in die teenwoordigheid van 'n vulkaan
Dit is ooglopend asek so kyk
Dit vorm meer as 'n rivier dis 'n oseaan
Ek vullit met aanvullende trane
My hartklop is 'n aardbeweing, maar dit move my nie
Dit cause net dat ek stil staan.
Ek's hardkoppig, my hart is 'n rots
Tussen die 70's en 90's is ek al rots – 8 – tig
Molshope raak agter
Want my trane is rotse dit rol agteraf
Ek hoor tornado's skree verwoesting wat hier agter my draf
Maar ek weet - ek weet eks onbeweeglik
Ek weet dit van alle kante af

So ek beskryf dit in sinne
Dat ek meer as ‘n mens is hier’s ‘n berg in julle midde
Ek’s georden van bo af
Ek’t n mandaat – ‘n mandaat om beweging te bestraf

**Onbeweeglik!**
**Ek is onbeweeglik!**
**Ons is onbeweeglik!**
**Almal is onbeweeglik!**

**Onbeweeglik!**
**Onbeweeglik!**